**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Esra 7:6-10, 27-28 & Esra 8:15-36

Handelinge 11:19-26

**Fokusvers:**

Esra 8:31

**Tema:**

Die goeie hand van God oor ons lewe.

**Datum:**

17 Mei 2026

## 1. **Inleiding**

Geliefdes in ons Here Jesus,

Die wêreld is nie ŉ veilige plek vir gelowiges nie... Dink maar net aan ons eie land en al die mense, politieke strukture, wette en ander godsdienste wat ons Christen-wees bedreig. Al hierdie vyandigheid van die wêreld bring vrae by ons op:

- Hoe kan gelowiges voortgaan in ŉ land en kultuur wat heeltemal teen ons gekant is? Wat gaan van my en my gesin word as dinge erger raak en ons erger vervolging begin beleef?

In die lig van al die teenkanting is gelowiges ook op soek na uitkoms:

- Sommiges gaan landuit, op soek na groener weivelde. Baie vind dit ook in terme van rykdom en veiligheid, maar die geloofsuitdagings is steeds daar. Ander lande bied ekonomiese voorspoed, maar geloofsarmoede.
- Sommige mense bly, maar wens dat hulle die horlosie kan terugdraai na die verlede, toe dinge beter was. Maar as ons gaan eerlik wees, moet ons erken dat die verlede net so vyandig teenoor gelowiges was. Die aanvalle en teenkanting was anders, maar nie afwesig nie.
- Nog ŉ ander groep stel hulle vertroue in politieke stelsels of toekomstige tye. Hulle is gou om te sê: "*Die dinge verander, ons moet net vasbyt. Wag net vir die verkiesing of nuwe termyn...*"

En tog, ongeag watter pad ons kies, in hierdie lewe gaan ons swaarkry beleef (Joh. 16:33). Die Here Jesus self belowe in Johannes 15:18-20: "*Omdat julle... nie van die wêreld is nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, juis daarom haat die wêreld julle... As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg...*"

Geliefdes, die bedoeling is nie om julle negatief te maak nie, maar om **die realiteit** van die lewe oor te dra. Hierdie wêreld sal ons altyd vyandig sal wees... Juis in só 'n wêreld kom die boodskap van Esra 7 en 8 na ons toe met 'n besondere troos. Die boodskap *dat God sy hand oor sy volk hou*. En tog moet ons leer om sy hand raak te **<u>sien</u>**, en om gehoorsaam daarop te **<u>reageer</u>**.

In die eerste plek fokus ons dan op die hand van God in ons lewe. Om dit te verstaan, moet ons die omstandighede van die volk in Esra se tyd verstaan.

**2. <u>Liggaam</u>**

**2.1. Om die hand van God raak te sien:**

**Hopelose situasie:**

In die jaar 586 voor Christus, bevind Israel hulself in 'n totale hopelose situasie. Weens hulle sonde het die Here toegelaat dat die grootste koninkryk in die wêreld hulle verower en in ballingskap wegvoer.

Vir ons kinders - **ballingskap** was 'n soort slawerny. Dit het gebeur toe Babilonië al Israel se rykdom en besittings vir hulle gevat het. Hulle het ook die mense bymekaargemaak en weggeneem om slawe te wees in 'n vreemde land.

Die grootste impak was op die families wat uitmekaargeskeur was en die volk wat nie meer hulle godsdiens kon beoefen nie. Die tempel was afgebreek, al die belangrike toebehore was weg en priesters kon nie meer hulle diens doen nie...

**Die volk se lot verander:**

Maar toe het Israel se lot gedraai. Die Babiloniese ryk het geval en die Medo-Persiese koninkryk het by hulle oorgeneem. Die eerste koning van hierdie ryk, was Kores. Vroeg tydens sy regering het hy 'n bevel uitgestuur dat al die Joodse ballinge mag terugkeer na Juda en

Jerusalem (Esra 1:1-11). Meer nog, die bevel sê uitdruklik dat hulle die tempel van die Here moet herbou.

Dit was egter nie net die eerste koning (Kores) wat welwillend teenoor Israel was nie, maar die ander Persiese konings het hulle ook ondersteun. In Esra 5 lees ons hoe koning Darius gehelp het, en uiteindelik in hoofstuk 7:11-26 kry ons die brief van koning Artasasta. In sy sewende regeringsjaar stuur hy vir Esra terug met kratte vol goud, silwer en selfs toegang tot die staatskas om die tempel te herbou.

Om die verstommende gebeure in perspektief te stel, kan ons dit vergelyk met president Donald Trump wat al Amerika se rykdom, en selfs sy eie persoonlike geld gee, sodat ons gemeente 'n kerkgebou kan oprig en al die GKSA se ramings betaal.

Die vraag wat natuurlik by ons opkom, is: "***hoekom?***" **Hoekom** sou die heidense koning Artasasta soveel doen vir 'n klein volkie soos Israel? **Hoekom** was dit vir hom só belangrik om hulle godsdiens te herstel en die tempel van God te herbou?

Historici gee gewoonlik die volgende drie redes:

i. Die Persiese ryk het oor enorme gebiede gestrek. Die groot uitdaging in so 'n groot koninkryk, was **stabiliteit**. Daarom het hulle spesifieke leiers aangestel om op strategiese plekke orde te handhaaf. Esra en 'n klomp priesters was die perfekte kandidate vir Jerusalem.

ii. Al die paaie van Noord-Afrika het deur hierdie gebied gegaan. In besonder was Egipte 'n groot bedreiging, en hulle het in Esra se tyd in opstand gekom. Maar as die Jode terugkeer na Jerusalem en die tempel herbou, dan sou hulle die gebied beskerm en 'n hindernis in die pad van 'n weermag wees.

iii. Die oorspronklike inwoners van Israel sou die landgebied goed geken het. Hulle kon weer die ekonomie op die been bring en met belangrike hulpbronne handeldryf.

Vir hierdie, en ŉ paar ander strategiese redes, het Artasasta vir Esra teruggestuur. Vanuit ŉ politieke oogpunt, was dit ŉ baie slim besluit om die herstel van Jerusalem en die tempeldiens te ondersteun.

Met hierdie konteks, is Esra se rol ook duidelik! In hoofstuk 7:6 staan daar dat hy ŉ skrifgeleerde was, en ŉ kenner van die *Wet van die God van die hemel*. In vandag se terme, sou ons hom '*minister van Joodse godsdienstige sake*' genoem het. Artasasta kon nie ŉ meer geskikte persoon gestuur het nie!

Maar geliefdes, al is al hierdie antwoorde histories akkuraat, vertel dit nie die volle verhaal nie. Wanneer ŉ mens na Esra 7 en 8 kyk, kom jy gou agter dat iets buitengewoon aan die gang is. Deur Esra se oë kry ons dan die wonderlike geloofsperspektief.

Esra het nie hierdie gebeure as politiese of strategiese besluite gesien nie. Hy noem dit nie die verandering van die getye of '*gelukkige-toevalligheid*' nie. Deur die oë van die geloof sien hy dit **as die goeie hand van God**:

- Esra 7:6: "*Die koning het alles wat Esra gevra het aan hom gegee, omdat die Here, sy God, se hand oor hom was.*"
- **Hoekom** sou die heidense koning Artasasta soveel doen vir ŉ klein volkie soos Israel? **Hoekom** was dit vir hom só belangrik om hulle godsdiens te herstel en die tempel van God te herbou?
    - Esra weet dat Spreuke 21:1 sê: "*Die koning se hart is waterstrome in die hand van die Here: Hy lei dit waarheen Hy wil.*"

En geliefde broer en suster, die goeie hand van die Here het werklik wonders verrig vir die volk. Drie keer in Esra 8 lees ons van uitdagings wat, menslike gesproke, onmoontlik was om te oorwin.

**Die eerste uitdaging** is in vers 15. In die groep wat teruggegaan het, was daar nie Leviete gewees nie (Esra 8:15). Die terugkeer het behels dat iemand sy hele lewe moet ontwortel, boonop was dit ŉ groot risiko. Maar sonder die Levitiese priesters kon die tempeldiens nie hervat nie.

Dan lees ons egter van die Here se genade in vers 16-20. God voorsien meer as genoeg bereidwillige Leviete en hulle het almal waarskynlik ook finansiële ondersteuning ontvang. Esra sien dit (8:18) as "*die goeie hand van ons God oor ons...*"

Die **tweede uitdaging** was die reistog self. Die ballinge wat teruggegaan het, moes deur gevaarlike gebiede reis terwyl hulle groot hoeveelhede goud, silwer en tempelskatte vervoer het. Tog het Esra nie ŉ gewapende begeleiding van die koning gevra nie, omdat hy reeds teenoor die koning getuig het: "*Die hand van ons God is ten goede uitgestrek oor almal wat Hom raadpleeg...*" (8:22)

Die trekgroep was kwesbaar vir vyande en hinderlae langs die pad. Maar God het hulle gebede verhoor, en hulle bewaar. Daarom hoor ons vir ŉ sesde maal die woorde: "*Ons God het sy hand oor ons gehou en ons gered uit die greep van vyande en uit hinderlae langs die pad.*" (Esra 8:31).

Geliefdes, Esra kan nie na die gebeure kyk sonder om God se versorging en beskerming raak te sien nie. God het verlossing en bewaring belowe, en Hy sal nie sy Woord ontrou wees nie (Jes. 42:13–16; 43:14–21; 52).

Dieselfde is waar in ons lewens. God belowe nie dat ons nie swaarkry gaan beleef nie. Ons gaan hinderlae en omstandighede teëkom, wat ons nie (menslik gesproke) kan oorwin nie. Maar te midde van alles, is God se hand by ons.

- Hy sal genadiglik voorsien.
- Hy sal vir ons met Vaderliefde versorg.

- Hy sal verlossing skenk deur sy hand.
- Ons kan ook met vrymoedigheid daarop staatmaak!

Geliefdes, watter uitdagings u ook al beleef. Weet dat die Here jou God sy hand oor jou sal hou. In Sondag 1 bely ons so mooi: "*God bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.*" Mag dit ons troos wees!

Maar ons almal weet dat dit moeilik is om die hand van die Here raak te sien. Veral wanneer dinge moeilik is. Daarom moet ons leer om te midde van ons swaarkry, God se hand van voorsienigheid, versorging en verlossing raak te sien. Ons moet leer om met geloofsoë te kyk, en te vertrou!

Hierdie geloofsperspektief kom egter nie oornag nie. Ons moet biddend nadink oor ons omstandighede. Ons moet ook oefen om eers ons oë op die Here te rig, en dan na die omstandighede te kyk.

Dit bring ons by ons tweede punt.

**2.2. Gehoorsame reaksie:**

As God se volk kan ons staat maak op sy beskerming en genade. In geloof kan ons saam met Psalm 91 sê: "*Ons vind skuillig by die Allerhoogste en geniet die beskerming van die Almagtige...*" Ons kan met vertroue sê dat ons planne sal slaag as die Here sy hand daaroor hou.

Tog beteken dit nie dat ons net agteroor moet sit nie. Inteendeel, Esra se vertroue in God *gaan oor in gehoorsame diensbaarheid*. Die hand van die Here maak hom nie lui nie, dit dring hom tot optrede. As gelowiges moet ons leer om die hand van die Here raak te sien, maar ook om **gehoorsaam daarop te reageer**.

Esra is ook vir ons ŉ pragtige voorbeeld daarvan. Hy word in die boek geskets as ŉ tweede Moses wat die volk teruglei na die beloofde land.

i. Sy heel eerste reaksie is egter **lofprysing**:

In reaksie op Artasasta se brief sê hy: "*Lofwaardig is die Here, die God van ons voorouers! Dit is Hy wat dit op so ŉ manier in die koning se hart gelê het.. dit is Hy wat aan my sy troue liefde bewys het...*"

i. Tweedens, Esra was **afhanklik** en **nederig** voor die Here:

Voordat die groep vertrek, het Esra ŉ vastyd uitgeroep (8:21). Hulle wou eers hulself voor God **verootmoedig** en **Hom vra** om hulle reis voorspoedig te maak. Ons moet nie ons vertroue in mense, prinse en ons eie vermoë stel nie, maar op die Here alleen vertrou.

ii. Derdens, Esra het nie moedeloos geword nie, maar juis **moed geskep:**

Esra 7:28 sê: "*En ek, ek het **moed geskep <u>omdat</u>** die hand van die Here my God oor my was, en ek het besluit om die familiehoofde uit Israel bymekaar te laat kom om saam met my te reis.*"

- Hierdie was geen geringe taak nie. Hy kon nie net ŉ boodskap vir almal op *Whatsapp* uitstuur nie. Hy moes moeite en tyd insit en met volharding almal opsoek en oortuig dat die Here hulle terugroep na Jerusalem.
- Toe daar nie Leviete onder die trekgroep was nie, het Esra sorgvuldige reëlings getref en Leviete gewerf (8:16–17).
- Hy moes al die skatte vir die tempel noukeurig afweeg en verantwoordelike priesters aanstel om dit te bewaak (8:25–30).
- Hy moes ook toesien dat alles weer opgeteken en gekontroleer word (8:33–34).

Die hand van die Here het mildelik voorsien, maar die sukses het ook gekom vanuit Esra se harde werk.

Geliefdes, Esra 8 wys dat God se verlossingsplan nie los staan van die alledaagse verloop van wêreldgeskiedenis nie. Hy gebruik koninkryke, politieke besluite en menslike handelinge. Sy volk is nie hulpelose pionne wat rondgegooi word nie.

God se goeie hand plaas ons hier en beskik die omstandighede. Maar dit moet ons dring tot **gehoorsame diensbaarheid!**

In die lig hiervan wil ek een praktiese opmerking maak:

Een van ons grootste uitdagings in ons land is die politieke en kulturele invloede wat veroorsaak dat godsdiensvryhheid in ons skole en universiteite ’n bedreiging inhou vir die Christendom. Dit is egter swaar om te sien hoe gelowiges moedeloos raak en daaroor kla.

- Dit was nooit die plig van ’n goddelose owerheid om ons kinders van die Here te leer nie. Ons moet nie staatmaak op skole en universiteite om verbondsopvoeding te doen nie.

Ouers, grootouers, ouderlinge, gemeente, dit is u plig... God se goeie hand het voorsien dat ons gesonde verstande en volkome toegang tot sy Skrif het. Die Here voorsien vir ons meer as genoeg hulpbronne, selfs in ons eie kerkverband en taal. Elke Sondag is daar eredienste en katkisasie, daar is weekliks Bybelstudies, ons gemeente het die voorreg om ’n voltydse predikant te hê wat u hiermee kan help. En deur sy Gees gee God vir ons elkeen ’n genadegawe.

Geliefdes, gryp ons hierdie geleenthede aan met vertroue dat die Here se goeie hand alles sal voorsien wat nodig is? Is ons gehoorsaam en diensbaar? Is dit nie juis ’n gulde geleentheid vir ons nie? Moet ons nie juis moed skep en ons oë oophou vir geleenthede om die jeug te bedien nie?

## 3. <u>Slot</u>

Ek sluit af:

In Handelinge 11 kry ons ŉ pragtige voorbeeld van ŉ kerk wat lewe vanuit geloofsvertroue en perspektief.

Jesus se kruisiging kan op baie maniere verduidelik word. Dit was ŉ politiese daad van die Romeine. Dit was ŉ godsdienstige besluit van die Jode. Dit was ŉ ongelukkige sameloop van ŉ klomp misverstande, wat tot die dood van ŉ regverdige Man gelei het.

Maar die dissipels het agtergekom dat daar meer aan die gebeur is. Met Jesus se Hemelvaart het Hy sy hande oor sy dissipels uitgestrek en hulle geseën. Die laaste beeld wat hulle van die Here het, is hoe Hy sy goeie hand oor hulle hou (Luk. 24:50-51). Eers toe het hulle volkome besef dat dit alles God se handewerk was.

In Handelinge 4 sê die apostels dat die hand van die Vader, deur die aaklige gebeure van die kruis, verlossing en vergifnis geskenk het (Hand. 4:28). En onder die goeie en seënende hande van die Here Jesus, het hulle moed geskep en in ŉ vyandige wêreld die evangelie verkondig.

Gevolglik het hulle belediging, tronkstraf, vervolging en selfs marteling tot die dood toe beleef. Gelowiges deur die eeue het volhard **ondanks** die teenkanting, want die hand en seën van Christus was oor hulle.

Handelinge 11:19 sê dat dit juis die vervolging en dood van Stefanus was, wat gelei het tot die uitbreiding van die koninkryk. Dit was deur die hand van die Here wat baie gelowig geword het. Dit was die hand van die Here wat Paulus se lewe omgekeer het van vervolger na apostel.

Broers en susters. Dit is ook die hand van die Here wat geskenk het dat ons ŉ gemeente, kerkgebou en ampsdraers het. Dit is uit God se groot genade dat ons aan Christus en sy koninkryk kan deel hê. Mag ons besef dat die hand van die Here die duidelikste sigbaar is in ons verlossing in Christus.

- Mag elkeen van ons nie net leer om die Here se hand raak te sien nie, maar ook leer om te vertrou in sy hand van **<u>voorsienigheid</u>**, **<u>versorging</u>** en **<u>verlossing.</u>**
- Mag ons ook moed skep en gehoorsaam oorgang tot diensbaarheid in sy koninkryk.
- Mag sy hand van seën sigbaar bly in ons elkeen se lewe.

# Amen